# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**JUNIE 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

**Afdeling A:**

Vraag 1: Dagboek (20)

Vraag 2: Nog iemand vir pynappel op pizza (15)

**Afdeling B:**

Vraag 3: Valentynsdag (17)

Vraag 4: ‘n Rooie met ratte, Pa (18)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: KORT TRANSAKSIONELE TEKS** .

**VRAAG 1: Dagboekinskrywing**

<u>INSTRUKSIES:</u>

- Die onderwerp is gebaseer op die kortverhaal : Nog iemand vir pynappel op pizza.
- Jy moet jou skryfstuk beplan.
- Jy moet 'n eerste poging en 'n finale poging skryf.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word.
- Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale poging geskryf het.
- Jou feite moet volgens die verhaal korrek wees.
- Jou DAGBOEK moet tussen <u>80-100 woorde</u> lank wees.

**DAGBOEKINSKRYWING :**

**Tiaan het onlangs by 'n nuwe skool aangesluit. Hy voel die kinders is baie "weird".**

**Skryf 'n dagboekinskrywing oor twee dae :**

- Tiaan se gevoelens en gedagtes **VOOR** hy na Suzanne se huis toe gegaan het.
- Tiaan se gevoelens en gedagtes **NA** hy by Suzanne se huis was.






**Jy moet die korrekte name en inligting gee. Wees kreatief!** **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [20]**

**AFDELING A: LETTERKUNDE**

**VRAAG 2: NOG IEMAND VIR PYNAPPEL OP PIZZA?**

> **Tiaan bly op die trappie staan. Miskien moet hy maar die natuurwetenskap boek gaan leen. Hy is nou buite.**
>
> **Hy vroetel in sy skoolbroek se sak vir die stuk papier wat Suzanne ná skool vir hom gegee het. "Dis my adres," het sy gesê, "kom sommer enige tyd vanmiddag of môre".**
>
> **Welgelegenstraat 105. Hy ken nie eens die dorp nie, hoe moet hy weet waar dit is.**

**2.1. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die letter neer.**

***2.1.1. Tiaan is al vir ________ by sy nuwe skool.***

A. vier dae

B. vier maande

C. vier weke

D. ses weke 1

***2.1.2. Die stuk papier met Suzanne se adres het _______ daarop:***

A. Google Maps

B. pyltjies met straatname

C. 'n lys van die swemgala span

D. die skoolvakke wat hulle doen 1

> **" Oh please, tog nie nóg 'n concerto fan nie!"**
>
> **Tiaan se mond val oop. Riami staan in die deur met die bottel Coke onder haar arm en vier glase op die skinkbord. Dit is toe die meisie aan wie hy gedink het, maar sy lyk ook anders as by die skool. Haar kort hare staan penorent en dis perserig.**



***2.2. Riami hou van concerto -musiek.***

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord.

1

**2.3. Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.**

2.3.1. Tiaan dink Suzanne se kamer is (netjies/ deurmekaar/ georganiseerd). 1

2.3.2. Suzaan se pa is besig om (te bou/ boekrakke op te sit). 1

**Suzanne begin saggies neurie saam met die klavierklanke wat van êrens af opklink.**

**Tiaan bly staan met 'n afdroogdoek in sy hand.  Dis 'n wysie uit The Lion King.**

**" Wie speel die klavier?" vra hy vir Suzanne." Jou ma?"**



2.4. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.



| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1.Riami | A. speel die viool |
| 2.4.2. Tiaan | B. is baie slim |
| 2.4.3. Suzaan | C. speel klavier |
| 2.4.4.Richard | D. hou van brei |
| | E. speel die kitaar |

4

**2.5. Skryf die storie in die korrekte VOLGORDE neer. Skryf net die nommer en die letter neer.**

A. Die kinders maak pizza in die kombuis.
B. Tiaan storm by sy huis uit.
C. Suzanne wys vir Tiaan haar motorfiets.
D. Riami vra vir Tiaan om in die gala te swem. 4

**" Ag nee, Suzanne," val Richard haar in die rede," tog net nie pynappel nie. Soet goed op 'n pizza- dis uit !"**

2.6. Wat is Richard se gunsteling kos?  Noem een soort kos. 1

2.7. Vir wie maak Richard somtyds pizza? 1

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A:[35]**

**VRAAG 3 : VALENTYNSDAG**



**3.1.** Gebruik die woorde uit die blokkie om die paragraaf hieronder te voltooi.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| **liefdevol** | **pouse** | **meisies** |
| **seuns** | **skool** | |

Na 3.1.1. kom Kheta en sy maats die kamer binne. Hy hoor 'n klomp 3.1.2. agter hom giggel. "Wat gaan aan, waarom lag almal vir my?" vra hy." Omdat jy so oulik is," sê Mara en staar hom 3.1.3. aan. Mara is lelik. Skreeulelik. "Waarvan praat jy?" grom Kheta." Wat gaan aan met jou?" "Niks, Kheta. Baie dankie vir my pragtige kaartjie" sê Mara soet.



**3**

**3.2. Pas die sinne in KOLOM B by die woorde in KOLOM A Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.**

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.2.1. Mara | A. Maak 'n kaart vir Lethu |
| 3.2.2. Lethu | B. Is Phumi se broer |
| 3.2.3. Phumi | C. Kry 'n kaart van Kheta |
| 3.2.4. Kheta | D. Het kuitjies in die wange |
| | E. Is Phumi se suster |
| | |

**4**

**3.3. VOLTOOI DIE VOLGENDE BLOKKIESRAAISEL: [10]**

**Gebruik die woorde in die woordblok om die blokkiesraaisel te voltooi.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **skool** | **Wetenskap** | **Lethu** | **Januarie** | **verlief** |
| **kaart** | **Kheta** | **Februarie** | **pouse** | **Wiskunde** |
| **Valentynsdag** | **modder** | **les** | | |

NB: Skryf nou die antwoorde oor in jou antwoordboekie, genommer 1-10.

**VRAAG 4: ‘n Rooie met ratte, Pa**

Dis wat sy pa eerste gevra het: ” En Freddie, wat wil jy vir jou verjaarsdag hê? “ Hy’t dit so half gevra asof hy klaar geweet het en Freddie het ook nie twee keer gedink nie.

“’n Fiets, Pa! ”



Sy pa weet mos hy wou al vir Kersfees een gehad het, maar toe moes hy tevrede wees met ‘n hamer en ‘n saag. Hy kon darem ‘n waentjie bou, met wiele wat hy by Karel geruil het vir spykers en ‘n reguit stukkie draad.

4.1**.** Die volgende stelling is ONWAAR. Gee ‘n rede vir jou antwoord**.**

**Freddie wou ‘n waentjie vir sy verjaarsdag hê.** **1**

4.2. Pas die sinne in KOLOM B by die woorde in KOLOM A Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1. Freddie | A. kan in die sand ry |
| 4.2.2. Karel | B. is gevaarlik |
| 4.2.3. krom handvatsels | C. het dun wiele |
| 4.2.4. dikwielfiets | D. ruil wiele vir spykers en stukkie draad |
| 4.2.5. resiesfiets | E. sukkel baie op skool. |
| | F. is nie gevaarlik nie |

**5**

**4.3. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die letter neer.**

**4.3.1. Freddie kry vir sy verjaarsdag ‘n _____.**

A. motorfiets

B. resiesfiets

C. dikwielfiets

D. motor **1**

**4.3.2. Freddie se fiets het :**

A. ratte

B. blink mooi

C. dik wiele

D. dun wiele **1**

**4.4. Gebruik die woorde uit die blokkie om die paragraaf hieronder te voltooi. Skryf die nommer en die korrekte woord neer.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| wind | reguit | wissel | platlê |
| opgewonde | steilte | krom | |

Freddie kon nie aan die slaap raak nie. Hy was te 4.4.1. Langs sy bed het hy al klaar sy nuwe fiets sien staan, blink en rooi met die mooiste 4.4.2. handvatsels. As hy teen 'n 4.4.3. kom, sal hy 4.4.4. en trap en trap tot hy nie meer kan nie. Dan sal hy net die ratte 4.4.5. en daar trek hy weer! Vinniger as die 4.4.6. **6**

Karel het niks verstaan van priemgetalle nie en hy't nie geweet waar in die wêreld Groenland was nie, maar hy het wel 'n rooi fiets gehad.




" So 'n fiets kos baie geld," het sy pa gesê. En sy pa het nie gelag toe hy dit sê nie. Sy pa wou nog iets sê, maar Freddie was al in die kombuis by sy ma. Hy het sy arms om haar lyf gegooi en opgewonde uitgeroep: "Ma, ek gaan 'n fiets kry! 'n Rooie met ratte nes Karel s'n!"

**4.5. Karel weet waar al die plekke in die wêreld is.**

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Sê JA of NEE en haal 10 opeenvolgende woorde uit as antwoord aan. 1

**4.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

4.6.1. Freddie se pa voel die fiets kos (baie geld/min geld). 1

4.6.2. Freddie was baie (ongelukkig/gelukkig) met sy nuwe fiets. 1

4.6.3. Wat is die les wat ons uit hierdie storie leer? 1

**[18]**

**[35]**

**TOTAAL: AFDELING B: [35]**